Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# JESUS HORISONTAAL

## Deel 2 – Bemoedig Mekaar

**Johannes 13:34-35** Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.

**1 Tessalonisense 4:18(AFR53)** Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

**1 Tessalonisense 5:11** Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde…

**Johannes 16:33** Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.

---

## God van Bemoediging

**Romeine 15:5** God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging

**2 Korintiërs 1:3-5** Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig, want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus.

**Johannes 14:16(AFR53)** En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ʼn ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid

---

---

---

## Dinge om te Doen

### ✓ Nader tot God

**Hebreërs 10:22-23** laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid…Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.

**2 Corinthians 1:21(TPT)** God himself…is constantly strengthening both you and us in union with Christ

**1 Samuel 30:6(AFR53)** En Dawid het dit baie benoud gehad, …maar Dawid het homself versterk in die HERE sy God.

**Psalm 10:17** U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here. U gee hulle nuwe moed. U verhoor hulle gebed.

### ✓ Bemoedig Ander Mense

**Hebreërs 3:13 (DB)** Praat mekaar elke dag moed in terwyl God nog vir ons die kans gee om dit te doen.

**2 Korintiërs 7:5-6** Toe ons in Masedonië gekom het, het ons geen rus of duurte gehad nie. Van alle kante was daar druk op ons: van buite onenigheid, van binne sorge. Maar God wat die neerslagtiges opbeur, het ons ook opgebeur deur die koms van Titus

**Spreuke 10:21 (NLV)** Die regverdiges bring lewe deur hulle woorde.

**Spreuke 3:27** Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie.

**Jesaja 35:3-4** Bemoedig dié wie se hande slap hang, help dié wie se knieë knik, sê vir dié wat moed verloor het: “Wees sterk, moenie bang wees nie, julle God is hier…

### ✓ Bemoedig met God

**2 Korintiërs 1:4** Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig,

**Romeine 15:4** Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*